

Klein... maar wys

VIER WYSE KREATUURTIIES

- Miere by hul gaatjie -

Ywerig dra elke klein werkertjie 'n kossie aan gaatjie toe, in en uit Hulle weet hulle sal doodgaan as hulle nie in die somer kos opgaar nie. Dit is hul wysheid, so klein as wat hulle is: TOEKOMSVOORSIENING.

- Dassies tussen rotse -

Die een oomblik sien jy haar nog sit, die volgende oomblik is sy weg. Sy weet sy en haar kleintjies sal sterf sonder 'n nes hoog onder 'n rots. Haar wysheid: GESINSBEVEILIGING.

- Sprinkane in vlug -

Driehoekig vlieg die swerm: die lang punt voor, twee flanke weerskante. Sy wysheid lê in sy ORDELIKHEID.

- Die ratse geitjie -

Orals kry jy hom: van die huis se geute tot die presidentswoning. Hy weet hy ly honger as hy nie dapper op enige plek gaan kos soek nie. Dit is sy wysheid: WAAGMOED!

GEVOLGTREKKING:

Hierdie vier goedjies het elkeen 'n beperking - hulle is klein. Maar hulle is buitengewoon wys - hul optrede verdwerg hul kleinheid!

Jesus beaam dié boodskap van die miere en dassies, die sprinkane en geitjies. Só sien Hy 'n Christusmens in die wêreld - jy is:

- sout - 'n knippie gee 'n groot stuk vleis smaak (Matt 5:13)
- lig - 'n klein lampie is kilometers ver sigbaar (Matt 5: 14)
- suurdeeg - 'n klein bietjie deursuur 'n skottel deeg (Matt 13:33)

Nie hoe groot, hoe belangrik jy is nie, maar hoe getrou jy jou roeping vervul, jou geloof uitleef, jou liefde betoon - dit is wysheid!

Sing Psalm 8:1,3 en 4

Ds. J. Botha (Laeveld)